WEL EN WEE VAN DIE MILITêRE VETERANE : BERIG 03/2018
21/02/2018

WEE VAN DIE VETERANE

1. Geen Afsterwes Gerapporteer

Vir die eerste keer die afgelope vier of vyf jaar is geen afsterwes in twee opeenvolgende Nuusbriewe gerapporteer nie. Prys die Heer!

2. Terugslag vir Jan van Zyl van die SALM

Jan rapporteer dat hy "…Chemo-behandeling ontvang het vir kanker wat toe nie genees het nie en ek moet daarmee saamleef. Die Chemo het my ore, oë, longe en hart aangetas en derhalwe moet ek gebruik maak van alternatiewe medikasie, wat die Mediese Fonds weier om aan my te verskaf. Nogtans kap ek dit steeds flou!"

HULDEBLYKE

3. NTR.

PERSOONLIKE BOODSKAPPE

4. NTR.

MILITêRE AANGELEENTHEDE

5. Problems for the German Navy

In Arne's MN it was reported that their new frigate has failed her sea trials. The vessel is listing slightly to starboard, has been refused by the German Navy and sent back to the shipbuilders. The German Navy also has no working submarines at present, in part because of a chronic shortage of repair parts. None of the new frigates, the Type 125s, are able to enter into operational service due to defects, while six out of fifteen frigates were already decommissioned. The Deutsche Marine is also still flying helicopters older than its pilots as the Sea Lynx entered service in 1981 and the Sea King in 1969 and has long-delayed their replacement. The situation is described as "…German military procurement is one hell of a complete disaster and it will take years to sort out the problem". The photo shows the Baden-Wurttemberg which has been refused by the German Navy.

A German defence official has also warned the Navy is running out of combat-capable vessels and will soon be unable to deploy overseas. Several vessels were already decommissioned due to their age. Arne adds that "… the German Navy has, notwithstanding its problems, made a constant provision of suitable hulls to NATO and EU forces in the Mediterranean".

MILITêRE MEDIESE VERSORGING

6. Bydrae tot die SMMVF

Johan Viljoen van die SAV is van mening "… dat ons steeds dankbaar moet wees vir die mediese versorging wat ons kry en ek dink ons afgetredenes kan ook 'n bydrae tot die SMMVF maak. Ek is heel bereid om ongeveer R250 per maand by te dra".

7. Skep van Aksiegroep om Begunstigdes van die SMMVF te Verteenwoordig

* Thinus du Toit van die SALM verklaar dat "… dit 'n realistiese proposisie is om 'n Aksiegroep te stig om ons te verteenwoordig. Hierdie aangeleentheid pla my al baie lank en ek dink dat dit spoedig gedoen moet word. Ons mediese diens gaan in die toekoms nog swakker wees en is beslis nie die mediese voordeel wat ons met ons jarelange bydraes gekoop het nie. Ek is nie 'n kundige op hierdie gebied nie maar is bereid om te help. Hoe en waar begin ons?"

* Etlike lede het gereageer om hulle steun vir 'n Aksiegroep te verklaar, terwyl Krap Thirion noem dat *"…* die skep van 'n Aksiegroep nie net realisties is nie, maar wel ook noodsaaklik is".

8. Verantwoordelikheid van die SANW Bevelskader

Jan van Zyl van die SALM noem dat hy "… stem vir 'n Aksiegroep sodat ons van die SANW se betrokkenheid by ons Mediese Fonds ontslae kan raak en sodat ons mediese magtigings deur die SMVF self bedryf kan word. Dit is mos nou duidelik dat die SANW Bevelskader ons Fonds nou in die situasie het waarin ons nou is! Gaan die SANW Bevelskader nou my bybetalings doen?"

9. Daan Kemp van Leërinligting

"Daar moet dadelik 'n Aksiegroep gestig word, soortgelyk aan AMAGP vir die pensioene. Die bestuur moet senior manne met status wees.

Die SMMVF het heelwat geld op belegging, maar die maandelikse bydraes van huidige soldate en die rente opbrengs is onvoldoende om die mediese bedryfsuitgawes volhoubaar vir die toekoms te dek. Ek wonder ook wat die koste van die SMMVF se bestuur en administrasie is.

Ons Veterane se mediese bydraes is klaar gelewer en het lankal baie rente getrek. Ons maak nou aanspraak op die ooreenkoms wat met ons met uitdienstrede aangegaan is.

Die dienende soldate verkeer onder die waan dat hulle gratis medies gaan hê wanneer hulle aftree. Indien hulle bydraes nie nou aangepas word nie gaan nie, gaan ons afgetredenes en hulle oor ‘n paar jaar geen medies steun kry nie. Die dienende lede en hulle vakbonde moet bewus gemaak word van die implikasies van hulle lae bydraes en dit moet op ‘n jaarlikse basis verhoog word tot ‘n vlak wat die SMMVF vir ons almal volhoubaar sal maak”.

10. Summary by Lt Gen Ian Gleeson of the Infantry

“I fully agree with the need to form an Action Group to take up the whole matter on behalf of us as members of the RFMCF. It is necessary to help find solutions to the problems facing the Fund and to make recommendations that we can agree to submit to the top structures of the SANDF and SAMS.

I would also like to point out, that we, as members of the RFMCF, should be prepared to pay some form of monthly levy to the Fund and to indicate such willingness to the top structure of the SANDF. However, this might be one of the suggestions of the Action Group. I would like to suggest that Tony Dippenaar should be a member of the Action Group”.

11. Stig van ‘n Aksiekomitee

Tony Dippenaar van Cela noem dat daar ‘n positiewe reaksie was op die vraag of die Veterane die stig van ‘n Aksiegroep steun. Daar was ‘n mandaat en ons het derhalwe daarmee voortgegaan, Die Veterane moet nou aandui of dit hulle goedkeuring wegdra dat die Aksiegroep aanvanklik uit myself, Hercules du Plessis van Personeel en Thys Lubbe van Logistiek bestaan”.

12. Stigtingsvergadering van die Aksiegroep. Hercules du Plessis rapporteer dat die stigtingsvergadering op 14/02/2018 plaasgevind het. Van die belangrikste kwessies en voornemens is die volgende:

Ons gaan met liggame soos die RMVO en die SANW Unie van Pikkie Greef skakel om hulle goedkeuring en samewerking te bekom. Ons het oorweeg om die aksie onder die mantel van die RMVO te bedryf, maar sal eers met hulle hieroor moet skakel. Intussen sal dit net as ‘n Veterane-groep moet funksioneer.

Ons het ’n mandaat maar ons het **lede nodig namens wie ons mag praat**. Vir enige drukgroep om inspraak te verkry is getalle noodsaaklik. Vir die doel word die Veterane van alle Weermagsdele versoek om hulle steun aan Thys Lubbe, wat as die nodalepunt sal funksioneer, te betuig.Stuur net die naam en e-posadres of telefoonnommer aan Thys by thyslubbe@gmail.com.

Tony gaan intussen voort om homself van sekere feite en tendense te vergewis ter voorbereiding van besoeke aan verskeie dienende gesagsfigure.

Daar is ’n werklike behoefte vir aktiewe medewerkers in die omgewing van Pretoria. Ons het onder andere lede nodig wat om soms besoeke kan bring en gesprekke voer. Sulke gesprekke moet beplan word anders kan dit eerder weerstand uitlok. Politieke doelwitte soos bv die Nasionale Gesondheidsplan, die transformasieproses wat onbevoegdheid en die ineenstorting van logistieke prosesse veroorsaak en die oorbelading van die SAGD wat tot massa indiensnemings gelei het, is alles bydraend tot die huidige toestand. Regstelling gaan ingrypend moet wees en daarom moet die groep nog aktiewe lede bykry en strategie en taktiese planne ontwikkel en uitvoer.

Die Veterane moet in gedagte hou dat hierdie Aksiegroep nie individuele klagtes kan behartig nie. Die SMMVF moet steeds daarmee regstreeks genader word".

13. Gedagtes oor die SMMVF. Rouen Heiberg van Afd Inl is soos volg van mening:

"Die probleme met die SMMVF kan nie wegredeneer word nie en is inderdaad kommerwekkend. Terselfdertyd is ons onlangse ervaring van diens by 2 Mil Hosp in alle opsigte baie positief, maar soos mens ouer word en 'n gade te sterwe kom, kan dit 'n groot probleem vir die langslewende hier in die Suid-Kaap word om die hospitaal te besoek. Diens by die Siekeboeg op George is baie goed, ten spyte daarvan dat medikasie soms uitgekoop moet word. My burgerlike kollegas betaal enorme premies vir hulle mediese fondse en dit dek ook nie altyd alles nie en bybetalings is dikwels nodig. Indien hierdie privaatfondse met die SMMVF vergelyk word is dit sonder twyfel waar dat ons uitstekende mediese ondersteuning het. Daar is rede tot kommer, maar ons voordeel moet nie misgekyk word nie.

Die aanskaf van addisionele privaat mediese dekking kom myns insiens neer op aanvaarding dat swak bestuur en besluitneming nie gou nie of ooit reggestel gaan word nie, maar ek glo dat dit kan en moet reggestel word. Ons is kontraktueel geregtig op goeie en gratis medies diens. Die belangrikheid om hierdie voordeel in stand te hou is genoegsame motivering om 'n Aksiegroep te stig. 'n Passiewe houding is om aandadig te wees aan 'n verslegtende situasie en ons het nie 'n ander keuse as om vir ons regte op te staan nie.

Ons as lede behoort daarop geregtig te wees om insae in die finansiële state van die Fonds te kry. Indien daar hierteen weerstand is, kan ons, ons seker op PAIA wetgewing beroep. Daar is sekerlik van die Veterane wat die state met insig kan bestudeer".

14. Mediese Behandeling in die Wes-Kaap. Jakkals de Jager van die Parabats verklaar soos volg:

"In 2017 is ek drie keer by 2 Mil Hosp vir prosedures en behandeling opgeneem. My vrou het 'n uitstekende privaat mediese fonds by Bonitas en is een keer vir 'n operasie by die privaat Medi Kliniek te Mosselbaai opgeneem en behandel. As ek die twee hospitale vergelyk staan 2 Mil Hosp nie 'n tree agteruit vir die privaat hospitaal nie. 2 Mil is uitstekend behalwe dat hulle die Kok moet afdank.

33. Prosedure vir Mediese Diens in die Wes-Kaap. Jakkals noem dat die stelsel in sy geval nou soos volg werk:

"Magtiging word eers vanaf die Siekeboeg by Gordonsbaai verkry om 'n burgerlike dokter te sien. Vir voorskrifte word 'n magtiging van 'Health Care Western Cape' in Wynberg verkry. Die medikasie word dan by 'n Apteek aangekoop, waarna 'n afskrif van die voorskrif en die Apteek se faktuur na Wynberg gestuur wat namens jou die koste vanaf die SMMVF eis.

Die koste vir 'n besoek aan sommige dokters en spesialiste moet self betaal word en dan self vanaf die SMMVF ge-eis word. In my geval het die fonds al duisende rande nie terugbetaal of 'n rede verskaf waarom hulle my nie terug kan betaal nie. Ons afgetredenes wat nie in Pretoria woon nie het ook 'n waghond-organisasie nodig om ons te beskerm".

15. Lloyd Calitz van die Infanterie

“Word die persoonlike omstandighede van ‘n dienende lid in ag geneem met die bepaling van sy maandelikse bydrae en word die bydraes van dienende lede beïnvloed deur sy getal vroue en kinders wat mettertyd van die SMMVF vir mediese diens afhanklik gaan wees? Is daar ook reeds lede van die nie-statutêre magte wat lede van die SMMVF geword het en hoe is hulle bydrae, indien enige, bepaal?”

16. Betaling van Spesialis se Rekening

Neels van Tonder van Afd Inl het vroeër genoem dat die Spesialis na sy operasie verlang het dat Neels ‘n deel van die rekening betaal. Neels noem nou dat na sy “…vertoë die SMMVF die Spesialis se volle rekening vereffen het. Dis magtiging van die Siekeboeg wat die volle kostes gedek het van al die prosedures en behandeling wat ek moes ondergaan, het na my mening ‘n belangrike rol gespeel”.

17. Basjan van Niekerk : Die SWAGM se Eie Etnoloog

“Hier in Namibië is ons Militêre Veterane ook van die SMMVF afhanklik, maar ons probleem is dat ons self die uitgawes moet betaal en dit dan by die Fonds eis. Die SMMVF betaal ons egter net wat hulle pas en ons twyfel of daar ‘n duidelike prosedure bestaan. ‘n Besoek aan ’n plaaslike Onkoloog kos N$620 maar die Fonds betaal slegs N$240 terug. Ek verneem egter dat daar geen kostes is wanneer Veterane in die RSA na Spesialiste verwys word nie. In die laaste kontrak met die SMMVF het ek onderneem om 20% van alle koste te dra, maar dit word nie so toegepas nie. Tas von Solms van die Infanterie moes N$ 95 000 vir ‘n hartoperasie betaal want daar was nie tyd om vir magtiging te vra nie en hy vir twee maande op ’n terugbetaling gewag. Ons het egter met
dr Jamuna geskakel en dit is binne twee dae volledig uitbetaal. Aan die ander kant het ‘n dringende verwydering van my galblaas N$50 000 gekos, waarvoor ek self N$20 000 moes betaal. Ons moet seker dankbaar wees vir dit wat ons kry, maar dit lyk asof ons aan dubbele standaarde blootgestel word”

18. Piet Moolman van die Infanterie Kla oor Swak Diens

“Eerstens moes ek vir agt maande wag voor ek ‘n afspraak by Afd Ortopedie by 1 Mil Hosp kon kry om vir ‘n rugoperasie voor te berei. Na ‘n gehoortoets by ‘n plaaslike geakrediteerde instansie het ek slegs een gehoorstuk ontvang, terwyl aanbeveel is dat ek twee benodig. Ek het by GG navraag gedoen, maar wag nog steeds op ‘n antwoord nadat dit na hulle Regsafdeling verwys is. Daarna het ‘n wilde kat my gebyt dat die bloed spuit en moes noodgedwonge na die Mediese Kliniek op Polokwane vir behandeling gaan. Ek het ‘n eis vir R1 820 saam met ‘n verklaring ingedien en is ingelig dat die eis goedgekeur is en binne sewe werksdae betaal sou word. Na vele navrae het die SMMVF my ingelig dat hulle my slegs R199 gaan betaal omdat die dokter te veel vir sy diens gevra het”.

Piet verwittig dat hy nou twee briewe van die SMMVF ontvang het, waarin hulle onderneem om die kwessie oor die rekening en tweede gehoorstuk spoedig aandag te gee.

19. Mediese Probleme in Kimberley

Chris Human van die Geskut verwittig dat hulle “... in Kimberley net so besorg is oor die volhoubaarheid van ons Fonds. Ons het gereeld probleme met die betaling van rekeninge en van die burgerlike dokters, wat dienste lewer wat ons Siekeboeg of 3 Mil Hosp nie kan doen nie, weier weens swak betalings om ‘n diens vir die Weermag te lewer. Dit is ‘n nagmerrie om hierdie kwessies deesdae met die SMMVF uit te sorteer”.

TOEKOMSTIGE OORLOë

20. NTR.

EIETYDSE MILITêRE GESKIEDENIS

21. Geskiedenis van die SA Leër se Tenkvervoerwaens

John French van die Kavallerie noem dat hy "... besig is om die geskiedenis van die SAPK se Tenkvervoerwaens na te vors en het begin met die skryf aan 'n boek getiteld '*Mother Truckers'*. Die tydperk wat gedek word is 1945 tot op hede. Enigiemand wat 'n skriftelike bydrae kan maak, hoe gering ook al, word versoek om dit vir my na hawkeye@sunbirdprojects.com te stuur.

The book is being 'Group Authored' and all contributors will be acknowledged. There are two stories in particular that I am trying to gather more information on and both have to do with accidents than occurred at Muldersdrift near Krugersdorp. The first incident was around 1959/60 when a Diamond T and Rogers trailer combination loaded with a Sherman tank rolled at the bottom of Muldersdrif. The men in charge were SSgt Jurie Kemp and Sgt Piet Stroebos. The second incident was around May 1961, just prior to the Republic Festival, where the same vehicle combination and a Comet tank were involved. The crew were SSgts Grassy Green and Frans Hoebel. There was extensive coverage in all the newspapers of the day".

22. Thesis on FC Erasmus as Minister of Defence

Deon van Zyl of Signals provided this MA thesis by Louisa Jooste on FC Erasmus as Minister of Defence during the period 1948-1959. The document can be requested from Deon on his e-mail address at deon.avanzyl@gmail.com. The following is provided as a summary:

The Defence portfolio placed heavy demands on F.C. Erasmus from 1948 to 1959. He had to transform the South African armed forces into an efficient and combat ready Union Defence Force (UDF). He also had to implement the National Party's defence policy, which hitherto consisted of abstract principles contained in the party's political programme. Erasmus made far-reaching changes to the UDF, furnishing it with a distinct South African identity. Despite criticism against him and the country's limited resources, Erasmus improved South Africa's defence significantly. He modernized the organization, training and equipment of the UDF and established the basis for an independent local armaments industry. Erasmus also played a prominent role in South Africa's international military strategy. He laboured unceasingly to persuade the European colonial powers to enter into an African defence alliance. One of his greatest achievements is the transfer of Simonstown from Britain to South Africa.

23. Stig van die SA Mil Akad en Militêre Gimnasiums. Die volgende is 'n uittreksel uit Louisa Jooste se bogenoemde tesis:

FC Erasmus het die behoefte aan 'n inrigting vir die akademiese opleiding van offisiere raakgesien en danksy sy visie en ywer is die SA Militêre Akademie op 01 April 1950 gestig. Erasmus het voorsien dat die meeste van die leierskader van die SAW in die toekoms die graad B Mil aan die Militêre Akademie sou behaal. Die opleidingsinrigting het Suid-Afrika onafhanklik gemaak van die buiteland en toe dié lande die RSA na Republiekwording in 1961 toenemend van geleenthede ontneem en begin isoleer het, het die SAW se offisiersopleiding sander ontwrigting voortgegaan. Dit het gedurende operasionele optrede die deurslag gegee. Toe Suid-Afrika vanaf die einde van die sestigerdekade in 'n teen-

insurgensiestryd aan sy noordelike grense betrokke was, het sy militêre personeel, danksy deeglike opleiding, telkens die oorhand oor bulle opponente gekry.

Die totstandkoming van die militêre gimnasiums was uitsluitlik aan Erasmus te danke. Die baie gewilde Leer-, Lugmag- en Vlootgimnasiums het as voedingsbron vir die Staande Mag gedien en het die UVM en later die SAW van 'n uitgesoekte offisierskorps voorsien. Die gimnasiums het nasionale instellings geword wat dekades later steeds bestaan het.

24. Madiba was Laat

Jakkals noem dat nou "... met die herdenking van President Mandela se vrylating, het ek onthou dat dr Niel Barnard, die hoof van NID in President PW Botha se tyd, in sy memoirs noem dat hy tydens die aanhouding 'n besondere vriendskap met Madiba ontwikkel het. Hy is deur Mandela genooi om met sy vrylating saam met hom by die tronk in Paarl se hek uit te stap, wat hy nie aanvaar het nie. Die internasionale media moes lank vir Mandela wag om by die hek uit te kom. Drie ure later as wat aangekondig was, het hy en Winnie Mandela by die hek uitgestap. Die rede vir die vertraging was dat Winnie drie ure laat was.

NUWE MILITêRE BOEKE

25. *Blood Money*

The story by a Recce, Johan Raath, on his missions as a private military contractor in Iraq. It is avalable for R275 from Bush War Books at sales@warbooks.co.za



26. *77 Years of a Harvard Under Southern African Skies*

This pictorial history of the period 1940 - 2017 by Winston Brent is available for R525.



PAUL ELS SE BOEKE

27. NTR, want Paul en sy gade hou vakansie by hulle kinders in Nederland.

ALGEMENE ASPEKTE

28. Plaasmoorde in Namibië

Piet Heyns van die SWAGM se Genie verduidelik dat "... dit moontlik is om plaasmoorde hier by ons te bekamp, want die polisie, die boere, die boere se veiligheidsdienste en die plaaslike gemeenskappe het mooi saamgewerk om die moordenaars tydens die onlangse voorval te vang. Die moorde verder Noord is moeiliker om op te volg want daar is baie meer plekke om weg te kruip en baie laat spaander oor die grens na Angola".

29. Veteran of the SADF on Trial in South Sudan

According to the media a South African, Col William John Endley, has been charged with insurgency, sabotage, terrorism and conspiracy to overthrow the government, and could face the death penalty if found guilty. His co-defendant has already been sentenced to death. Endley served as an advisor to rebel leader Riek Machar, whose forces have been fighting those loyal to President Salva Kiir in a civil war since 2013.

30. Newsletter of the Naval Officers' Association of Southern Africa

Angel states that the Newsletter for Feb 2018 is available and can be requested from the Secretary, John Lamont, at glentyne@yebo.co.za.

WERKGROEP VIR DIE BESKERMING VAN ONS PENSIOEN



31. Lidmaatskapvorms van AMAGP

Gerda Putter is die weduwee van adm Dries Putter en noem dat sy "… betrokke is met die administrasie rondom die werwing van lede vir AMAGP. Lede wat wil aansluit moet my asseblief op gerda.putter@gmail.com verwittig dan stuur ek 'n lidmaatskapvorm aan".

32. Daan Kemp van Leërinligting

Daan dien op AMAGP se komitee en noem dat "... daar 'n intense bedreiging teen ons Pensioenfonds, die GEPF is. Dit geld vir alle dienende staatsamptenare, asook dié wat reeds afgetree is. Die onlangse gemors met Steinhoff het die GEPF 'n verlies van ongeveer R25 biljoen gekos. Opgeweeg teen die totale grootte van die Fonds (R1,67 triljoen), die grootste fonds in Afrika, is dit seker nie 'n krisis nie, maar die GEPF se lening van R5 biljoen aan die bankrot Eskom het die GEPF se totale leningsbedrag aan Eskom tot ongeveer R105 biljoen laat styg. Die Vereniging van Staatsamptenare het reeds heftig hierteen beswaar gemaak, maar dit is nie die enigste sodanige lening van hoë risiko nie".

33. MS du Toit van die Infanterie en Afd Inl

"Dit is verblydend dat iemand nog kop hou, want die houding in die verlede dat alles opgelos kan word deur eenvoudig net 'n koppie tee saam met die Trustees se Voorsitter te gaan drink, is nou hopelik die finale nekslag toegedien. Wat moet nog gebeur voordat al die RSA se pensionarisse en dienende staatsamptenare uit droomland wakker word? Besef die mense nie watter gevare die GEPF se huidige beheer en Trustees vir ons inhou nie?"

34. GEPF Monitor Number 2

Errol Massey-Hicks reports that the new Newsletter is available from the e-mail address at amagp.sek@gmail.com. The compiler is Daan Kemp.

WELSYNSINISIATIEWE

35. NTR.

NUUS OOR DIE VETERANE-ORGANISASIES

36. Hierdie groephoof is geskep met die spesifieke doel om aan die Veterane-organisasies 'n forum te bied waar hulle die breër Veterane-gemeenskap oor hulle aktiwiteite kan inlig. Maak gerus gebruik daarvan.

SOEKTOGTE

37. Informasie oor Jacobus Lucas Edward van der Merwe

Petro de Kock noen dat "… my vader 'n Veteraan van die Slag van El Alamein in WO2 is. Hy is in 1975 begrawe maar die oorskot moet deur Mynwese verskuif word. Sy ID nommer is 260526 5807 001, maar ons benodig meer informasie om vir 'n herbegrafnis voor te berei. My e-posadres is propmove@telkomsa.net".

GELEENTHEDE, FUNKSIES EN KURSUS- EN ANDER RE-UNIES

38. Annual Function in the Southern Cape

John More of the Parabats reports that "… we attended the SADF lunch on 15/02/2018 which, this year, was held at the Admirals Restaurant at the Garden Route Casino in Mossel Bay. It was very well attended by 200 in all and we sat with Gen and Mrs Gleeson, Paul and Sue Lombard and Jurie and Maggie Bosch. The function was arranged by Hein Boschoff who did a sterling job. It was great to see colleagues from the past, like Henk Badenhorst, Fred Oelschig, Ep van Lill and many others".

39. Infanteriste is Plesierig

Leon le Roux van die SA Infanterie-verenging (SAIV) herinner aan "… die maandelikse hinderlaag wat vanaf 12:00 op 07/03/2018 by die Bronbergwynlandgoed in Lynnwood plaasvind.
Die SAIV se Algemene Jaarvergadering vind plaas om 10:00 op 19/05/2018 by die Bronbergwynlandgoed en lede word aangemoedig om hulle dagboeke so te reël dat hulle asseblief hierdie belangrike vergadering kan bywoon".

NETWORKING

40. NTR.

ADMINISTRASIE

41. Nuwe Lede

* Ilse Delport

* Louise Saayman

* Peter Walker

LAASTE LAWWE (EN SOMS ERNSTIGE) STUKKE

42. Good News for the Military Veterans

Do not lose hope. When you are down to nothing, God is up to something.

43. Modern Girls

Tanya Power, the widow of the late Norman Power of Spec Forces, advises as follows from out of England after studying the young girls of today:

“Gone are the days when girls used to cook like their mothers. Now they drink like their fathers”.

44. Credo of the Military Veterans

Never trust a full bladder and never pass a toilet.

SLOT

45. And on that wet note, sterkte vir nog ‘n week.

Johann

VRYWARINGSKLOUSULE

46. Hierdie Nuusbrief bevat die uiteenlopende en diverse persoonlike menings van Militêre Veterane en die Opsteller van die Nuusbrief kan nie in sy persoonlike hoedanigheid daarvoor verantwoordelik of aanspreeklik gehou word nie.